NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 28 OKTOBER 2004

1. OPENING

1.1 Die vergadering sing Psalm 100:1

1.2 Ds EGJ de G Schutte lees Matteus 6:5-15 voor.

1.3 Hy beklemtoon vers 8: "Julle Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle Hom vra." Hy vertel die anekdote van Luther wat in 'n moeilike tyd op 'n laagtepunt was. Terwyl hy 'n end gaan stap, hoor hy by 'n huis met 'n oop venster waar 'n ma by haar kind vir hom bid. Hy hardloop onmiddellik terug huis toe, by Melanchton se woning verby, waar hy roep: "Ons hoef oor niks bekommerd te wees nie – die kinders bid vir ons".

1.4 In 'n tyd soos hierdie – van reformasie en vernuwing – wonder mens soms of alles die moeite werd is en neig om depressief te raak. Dalk moet ons nie te bekommerd te wees nie: ons Vader weet wat ons nodig het nog voordat ons Hom vra. Dit skakel nie gebed uit nie – werk én bid. Ons kan op Hom vertrou – "Here U sien dwarsdeur my, ken my..." (Psalm 139).

1.5 Die vergadering bid in groepies van 2 en 3 saam.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS
Mev L Steyn – DL Vrouebediening
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder - Netwerk vir Navorsing
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder - Begeleidings-Netwerk

2.4 Reiskostevorms

2.4.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake en/of bylae word op die sakelys geplaas:

Bylaag BB en BB.1 by pt 5.1.8

5.1.15 Oorhandiging Kerkgebou VGK Hofmeyr (pt 17.6)

6.5 Besluiteregister Algemene Sinode (Bylaag W en W.1)

Bylaag L.1 en L.2 by pt 9.1

9.2 Notule UK Konvent vir Eenheid 30 Julie 2004 (Bylaag X)

9.3 Verslag: Taakspan vir Kerkeenheid (Bylaag Z)

15.1 NN Oorsig van Werksaamhede (Bylaag AA)

18.2 Navraag: dr G van der Merwe (Bylaag T)

18.3 Navraag: Kerkraad van Jeffreysbaai (Bylaag U)

18.4 Kerkhereniging: Ring van Uitenhage (Bylaag V)

19.2 Verslag Moderatuurslede (Bylaag Y)

19.3 Ons "issues" in die Oos-Kaap

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2004-07-29 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur

4.2 SK 2004-07-29 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbest 2003-07-29 Bylaag A

5.1.1 Streekskonvent 2004 (pt 5.1.1) Bylaag Y pt 3.1

5.1.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag Y pt 3.1 (Notule van die vergadering van die moderatuur - dd 2004.10.27):

5.1.1.2 Besluite:

***1 Pte 3.1.1 tot 3.1.1.2: kennis geneem.**

***2 Pte 3.1.2.1 - 3.1.2.9 word op enkele punte gewysig en as volg goedgekeur:**

***2.1 Die finale beplanning van die streeks-konvent(e) word in oorleg met die gespreks-genote gedoen.**

***2.2 Die doel met Oos-Kaapse Streeks-konvente is dat lidmate uit verskillende agtergronde mekaar op grondvlak leer ken en hul lewens en omstandighede met mekaar deel, sodat 'n gemeenskaplike roeping op grondvlak ontdek en kerkeenheid prakties uitgeleef kan word.**

***2.3 Die NGK, VGK, NGKA en RCA word uitgenooi.**

***2.4 Drie of meer streekskonvente word voorsien: in Port Elizabeth, Queenstown en Graaff-Reinet.**

***2.5 Ringsgrense tussen die verskillende sinodes verskil, sodat ringsgrense nie werklik as uitgangspunt vir deelname aan die streeks-konvente gebruik kan word nie. 'n Indeling van gemeentes word dus as uitgangspunt gebruik vir inskakeling by die verskillende konvente.**

***2.6 Die SK-Dagbestuur taak die moderatuur om saam met die plaaslike ringskommissies uitvoering te gee aan die beplanning.**

***2.7 Teikendatum: Vanaf die tweede kwartaal 2005. Drie Saterdae word gebruik ten einde die proses vir soveel moontlik lidmate toeganklik te maak. Daglange byeenkomste word voorsien.**

***2.8 Befondsing: Uit fondse vir ringsprojekte.**

***2.9 Die inhoud van die streekskonvente sentreer rondom:**
- **Roeping**
- **Eenheidsvisie**
- **Belydenisgrondslag**
- **Behoeftebepaling op gemeentelike / plaaslike vlak**

5.1.1.3 Wenke en Aanbevelings van die Ring van Humansdorp Bylaag O pt 9.3

*1. Die vergadering voer gesprek oor die aan-wending van ringsfondse na aanleiding van Bylaag O (Wenke en aanbevelings van die Ring van Humansdorp aan die Sinodale Kommissie - dd 2004.10.06). Die Ring van Humansdorp meen dat die konvente eintlik sinodale projekte verteen-woordig (Bylaag O pt 9.3)

***2. Besluit: Die ringskommissie word in die lig van die beplanning vir die streekskonvente as inisiatiewe op plaaslike vlak versoek om pt 9.3 (Bylaag O) te heroorweeg.**

5.1.2 Patmos (pt 5.1.2)

5.1.2.1 Respons op Patmos se studiestuk oor simbole en rituele Bylae C en C.1

***1 Besluite:**
***1.1 Kennis word geneem van Bylaag C (Skrywe Skriba SK - dd 2004.09.07).**
***1.2 Bylaag C.1 (Respons op Patmos se studiestuk oor simbole en rituele - dd 2004.09.07) word goedgekeur.**
***1.3 Die Skriba SK stuur Bylaag C.1 aan die AKE tesame met Patmos se kommentaar op die sinodale verslag A2.6.2. Kennis word ook aan Patmos en die Ring van Algoa gegee dat die kommentaar aan AKE gestuur is.**

5.1.2.2 Skrywe van Patmos aan die SK dd 2004-10-10 Bylae D en Y pt 3.2

*1. Die vergadering bespreek Bylaag D (Skrywe van ds Theuns Pienaar jnr - dd 2004.10.10) en Bylaag Y pt 3,2 (Vergadering van lede van die moderatuur - dd 2004.10.27).

***2 Besluite:**
***2.1 Kennis word geneem van Bylaag D.**
***2.2 Kennis word geneem van Bylaag Y pt 3.2-3.2.2.3.**
***2.3 Die kerkregtelike proses, wat deur die Ring van Algoa bestuur word, geniet die voor-rang bo die sinodale proses. Die ring word versoek om die proses verder te hanteer.**
***2.4 Die besluit word ook aan die kerkraad van Patmos gekommunikeer.**

5.1.2.3 Skrywe van Patmos aan die Ring van Algoa dd 2004-10-10 Bylaag E

***1. Besluit: Kennis word geneem van Bylaag E (Skrywe van ds Theuns Pienaar jnr aan die Ring van Algoa - dd 2004.10.10) wat deur Patmos by hul skrywe van 10 Oktober 2004 aan die SK geheg is.**

5.1.2.4 Inligtingstuk: Gesprek Patmos en sinodale strukture Bylaag F

***1. Besluit: Bylaag F (Verslag oor gebeure in die verhouding tussen die kerkverband en Patmos-gemeente: 2002-2004) word goed-gekeur nadat enkele redaksionele wysigings aangebring is.**

5.1.2.5 Uittreksel uit die Webblad van Patmos Bylae G en G.1

*1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Uittreksel uit die Webblad van Patmos - ongedateerd).

***2 Besluite:**
***2.1 Daar word met ontsteltenis kennis ge-neem van die vermelding dat Patmos nie 'n NG gemeente is nie.**
***2.2 Kennis word geneem van Bylaag G.1 (Uittreksel uit die Webblad van Patmos - ongedateerd).**
***2.3 Die inhoud van die webblad word na die**

Ring van Algoa verwys.

5.1.3 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde (pt 5.1.3)

5.1.3.1 Die saak is na B-Net en NN verwys. Die Algemene Sinode onderneem tans studie oor hierdie saak.

5.1.3.2 Besluit: Die Ring van Cradock se versoek word na die Algemene Sinode se studiekommissie verwys, vir afhandeling: ds Barnard Steyn.

5.1.3.3 Die Ring van Cradock word in kennis gestel van die wyse waarop die versoek hanteer is.

5.1.4 Uitnodiging: Emeriti-Vereniging (pt 5.1.4)

5.1.4.1 Die uitnodiging staan oor. Indien moontlik en as daar sake vir bespreking is, word die bestuur van die Emeriti-vereniging na die Februarie-vergadering genooi.

5.1.5 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.1.5)

5.1.5.1 Die DA doen verslag.

5.1.5.2 Tot op datum is die pragtige bedrag van R43,903.23 van gemeentes ontvang. Gemeentes wat nog nie meegedoen het nie, word opnuut versoek om ‘n spesiale kollekte op te neem.

5.1.6 Versoek Voorsitter ASK : Ontbyt met meningsvormende lidmate (pt 5.1.7)

5.1.6.1 Die ontmoeting tussen dr Coenie Burger, voorsitter van die ASK en meningsvormende lidmate, het op 21 September 2004 plaasgevind. Baie positiewe terugvoer is ontvang en die lidmate het dit as sinvol beleef. Die ontmoeting was ‘n goeie klankbord vir dr Burger.

5.1.6.2 ‘n Duidelike charismatiserende impak op lidmate is raakgesien, en die vrae rondom die kinderdoop verskerp. Die doopviering kan ‘n belangrike rol in gemeentes speel. Kerkrade word aangemoedig om rituele te ontwerp wat mense hulle kleindoop kan laat vier.

5.1.6.3 Besluit:
***1. Liturgieë om die doopviering prakties te hanteer, word versamel en/of opgestel. B-Net neem verantwoordelikheid en nooi mense wat belangstel uit om deel te word van so ‘n proses. Die skriba adverteer hierdie geleentheid in OosKaap eNuus.**
***2. Die Algemene Sinode se besluit rondom rituele wassing word deur die skriba aan gemeentes gekommunikeer.**

5.1.7 Koste: Afvaardiging na die Algemene Sinode 2004 (pt 5.2.1) Bylaag Q

5.1.7.1 Die DA lê Bylaag Q (Koste van Algemene Sinode 2004 - dd 2004.10.18) aan die vergadering voor.

5.1.7.2 Besluite:
***1. Kennis geneem van punte 1. tot 4.**
***2. In die lig van die tekort op die begroting vir die Oos-Kaapse afvaardiging na die Algemene Sinode van Oktober 2004, word ‘n verdere oorskot van R24,000 uit die 2005/2006 Sinodale Dankoffers geneem om die tekort uit te wis. Indien die Sinode se 2004/2005 begroting egter ‘n surplus toon, word die voorskot daaruit terugbetaal.**

5.1.8 Ad Hoc Kommissie: Huidige situasie rondom finansies (pt 5.2.2)
Bylae BB en BB.1

5.1.8.1 Ds Deon Oelofse sluit by die vergadering aan en lê die Verslag van die Ad Hoc kommissie vir Fondse aan die vergadering voor (Bylaag BB en BB1 - ongedateerd).

5.1.8.2 Die verslag plaas waardevolle inligting op die tafel wat ons help om al die verskillende inisiatiewe en nuwe werkswyses in die kerkverband ernstig te neem. Dit blyk noodsaaklik te wees om te werk ‘n inkomste-gebaseerde begroting. Fondsewerwing bly steeds ‘n prioriteit.

5.1.8.3 Besluite:
***1. Kennis geneem van die verslag en die twee aanbevelings.**
***2. Die Ad Hoc kommissie se opdrag is daarmee afgehandel.**

5.1.9 Navraag oor barmhartigheidswerk binne gemeentegrense (pt 7.2.1.1)

5.1.9.1 Die DL Barmhartigheid doen verslag.

5.1.9.2 45% van gemeentes het terugvoer gegee oor barmhartigheidswerk wat plaaslik gedoen word. Gemeentes doen alreeds heelwat gemeenskapsgerigte werk. Die data is op rekenaar ingevoer en word aan lede beskikbaar gestel.

5.1.9.3 Met dank kennis geneem.

5.1.10 Egalisering: Koste UK Konvent vir Eenheid (pt 16.2.3)

5.1.10.1 Die DA doen verslag oor die koste van bywoning van die UK Konvent vir Eenheid op 30 Julie 2004. ‘n Bedrag van R7,853.15 deur die NGKSA as egalisering aan ons sinode terugbetaal.

5.1.10.2 Kennis geneem dat vergaderings van die UK Kovent in 2005 tussen Kaapstad en Port Elizabeth wissel, wat die reiskoste gelykmatig verdeel.

5.1.11 Teenwoordigheid van jongmense by die Algemene Sinode (pt 17.3)

5.1.11.1 Die DL Jeug doen verslag. Sewentien Oos-Kaapse jongmense het die Sinode bygewoon.

5.1.11.2 Die jongmense se reiskoste is deur die Sinode betaal.

5.1.11.3 Die jongmense het die sinode geweldig positief beleef. Hulle het vriendelikheid, gasvryheid en belangstelling ervaar. Baie het dit as 'n hernude roeping na die NG Kerk gesien. Hulle is opgewonde oor die kerk en is "terug".

5.1.11.4 Die DL Jeug rig 'n briefie van dank aan die jongmense.

5.1.12 Bevoegdheidsregister (pt 18.1) Bylaag Y pt 3.3

5.1.12.1 Die aktuarius doen verslag aan die hand van Bylaag Y (Bevoegdheidsregister - dd 2004.10.27), pt 3.3.

5.1.12.2 Kennis geneem dat die proses van aanmelding met die oog op leraarsbevoegdheid jaarliks afgehandel word wanneer die besonderhede van leraars aan die Jaarboek gestuur word.

5.1.12.3 Nie-bevestigde leraars en proponente bly indiwidueel verantwoordelik om uitvoering aan Reglement AS3 pt 11 te gee.

5.1.13 Skrywe aan Ringe: Projekvoorstelle (pt 18.2)

5.1.13.1 Kennis geneem dat die besluit afgehandel is deur middel van die skrywe aan Ringsvergaderings 2004.

5.1.14 Hersiening van Vorm A (pt 18.3)

5.1.14.1 Die DA en deskundige lede doen verslag dat vordering gemaak word. Terugvoer sal aan die SK op sy vergadering van 25 November 2004 gedoen word.

5.1.15 Oorhandiging Kerkgebou VGK Hofmeyr (pt 17.6)

5.1.15.1 Die DA doen verslag dat die kerkgebou sowat 30 jaar gelede deur die NG Kerk vir die NGKA op munisipale grond te Hofmeyr opgerig is. Die NGKA Hofmeyr beskou die gebou steeds as hul kerkgebou, terwyl die VGK aanspraak daarop maak en die NG Kerk vra om dit aan hulle te oorhandig.

5.1.15.2 Besluite:
***1 Kennis word geneem dat die NGK Hofmeyr die kwessie fasiliteer.**
***2 Die NGK in Oos-Kaapland het geen bevoegdheid om hierdie saak te hanteer nie en dit word dus van die sakelys verwyder.**

5.2 SK 2004-07-29 Bylaag B

5.2.1 Kommunikasie van SK-besluite oor die Konvent vir Eenheid (4.5.7.1) Bylae H en I

5.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Besluite oor die aanbevelings van die Konvent vir eenheid - dd 2004.07.30) en Bylaag I (Beskrywingspunt aan die Algemene Sinode: Kerkhereniging en die belydenisgrondslag van 'n herenigde kerk - ongedateerd).

5.2.1.2 Kennis word geneem van Bylae H en I.

5.2.1.3 Kennis word geneem dat die AS 2004 pt 6 van die sinode se beskrywingspunt (Bylaag I) goedgekeur het.

6. TERUGVOER ALGEMENE SINODE

6.1 Notule van die sinodale beplanningsessie by Algemene Sinode Bylaag J

6.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag J (Notule van die beplanningsvergadering deur die afgevaardigdes na die Algemene Sinode.- dd 2004.10.15) in sy geheel.

6.1.2 Besluit: Pte 4 en 5 van Bylaag J word, tesame met die terugvoer by pt 19.3, deur dr Chris van Wyk verwerk en deur die moderatuur as voorlegging by die SK-vergadering van 25 November 2004 voorgelê.

6.2 Terugvoer van die ASK Bylaag K

6.2.1 Kennis geneem van Bylaag K (Samevatting van die negende vergadering ASK - dd 2004.08.23-25) in sy geheel.

6.3 Kerkwye Predikantevergadering: 20-22 Junie 2005 - bemarking en begroting

6.3.1 Die vergadering neem kennis dat 'n Kerkwye Predikantevergadering van 20-22 Junie 2005 in Gauteng gehou word. Die vergadering word na verwagting deur kenners van die kerklike toneel soos Wolfgang Huber, Heitink en Eddie Gibbs toegespreek.

6.3.2 Die roeping van die NG Kerk, roeping en geestelike lewe van die leraar, taakomskrywing ingevolge Artikel 9, verpligte voortgesette teologiese opleiding, 'n kode van verbintenis aan mekaar, en gereformeerde identiteit is van die sake wat aan die orde gaan kom.

6.3.3 Die saak word in OosKaap eNuus deurgegee en kerkrade word aangemoedig om hul leraars te stuur. Weens die afstand en reiskoste, mag die koste relatief hoog wees – sowat R2,500 tot R3,000 in totaal – selfs al gaan die leraars in koshuise woon.

6.4 Moontlike herstrukturering van portefeuljes van Deskundige Lede in die lig van die nuwe struktuur van die Algemene Sinode

6.4.1 Die Algemene Sinode het nou vier diensgroepe:
- Algemene Diensgroep Leierskap
- Gemeente en Bediening
- Diensgetuienis
- Steundienste

6.4.2 Besluite:
6.4.2.1 Die moontlike herstrukturering van portefeuljes van deskundige lede word na die deskundige lede self verwys met ds Barnard Steyn as sameroeper. (Vergelyk ook pt 16.1)
6.4.2.2 Die opdrag sluit 'n beskrywing van onderlinge samewerking en skakeling met die Algemene Sinode in.

6.4.3 Hiermee is pt 5.1 van Bylaag AA (Verslag Netwerk vir Navorsing - ongedateerd) ook afgehandel. Hierdie saak word dus as deel van bogenoemde opdrag hanteer.

6.5 Besluiteregister Algemene Sinode Bylae W en W.1

6.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag W (Besluiteregister Algemene Sinode 2004 - ongedateerd) en W.1 (Opsomming Besluiteregister Algemene Sinode - ongedateerd).

6.5.2 Besluit: Die voorsitter en skriba bepaal wat uit die besluiteregister onder die aandag van gemeentes gebring moet word.

7. BEGELEIDINGSNETWERK

7.1 Terugvoer oor Projekte

7.1.1 Die teologiese dag met prof Adrio König op 9 Oktober 2004 is deur 40 persone bygewoon. 'n Aantal leraars het middagete saam met prof König genuttig.

7.1.2 Ds Barnard Steyn het as fasiliteerder by die Algemene Sinode opgetree.

7.2 Versoek: Ring van Cradock

7.2.1 Hierdie saak is afgehandel by pt 5.1.3.

7.3 Voorstel: Kerssangdiens

7.3.1 B-Net beskik oor 'n raamwerk vir 'n Kerssangdiens waarin gebruik gemaak word van rituele en simbole en geskenke wat dan na buite uitgedeel word. Dit kan by ds Barnard Steyn aangevra word.

7.4 Erediens Werkswinkel - Humansdorp (12 Februarie 2005)

7.4.1 'n Werkswinkel oor die erediens word op 12 Februarie 2005 deur B-Net vir die Ring van Humansdorp aangebied. Dit is ook oop vir ander belangstellendes. Kontakpersoon: Humansdorp-Moedergemeente, ds Jan Coetzee.

7.5 Sinodale Werkswinkel - Sumcay (7 tot 10 Maart 2005)

7.5.1 Die vergadering bespreek verskillende moontlikhede vir die Sinodale Werkswinkel in 2005. Dit sou bv moontlik wees om Verantwoordelike Vernuwing in die Oos-Kaap aan te bied.

7.5.2 'n Ander moontlikheid is om die begroting vir die Werkswinkel aan te wend om predikante wat daarvoor aansoek doen, te subsidieer om die Kerkwye Predikantevergadering in Junie 2005 in Gauteng by te woon.

7.5.3 Besluit: Die moderatuur en ds Barnard Steyn sal 'n finale voorstel vir voorlegging aan die SK van 25 November 2005 voorberei.

8. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

8.1 Terugvoer DL Barmhartigheid

8.1.1 Verdere vergaderings van die Vigsforum het nog nie gerealiseer nie.

8.1.2 Al die relevante besonderhede van die provinsiale regering se welsynswerk is ontvang en gedokumenteer.

8.1.3 'n Databasis vir diens van barmhartigheidsprojekte deur gemeentes word geskep (vergelyk ook pt 5.1.9).

9. EKUMENE

9.1 Aansoek om Lidmaatskap - Oos-Kaapse Raad van Kerke Bylaag L

9.1.1 Kennis geneem dat die Oos-Kaapse Raad van Kerke die NG Kerk in Oos-Kaapland genooi het om aansoek te doen vir lidmaatskap – soos vervat in Bylaag L (Skrywe van Lulama M Ntshingwa, hoofuitvoerende beampte - dd 2004.09.17), Bylaag L.1 (Aansoekvorm vir Lidmaatskap - ongedateerd), Bylaag L.2 (Constitution of the Eastern Cape Provincial Council of Churches - ongedateerd).

9.1.2 Besluit: Die dagbestuur beveel by die SK aan dat die sinode om lidmaatskap aansoek doen.

9.2 Notule UK Konvent vir eenheid Bylaag X

9.2.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag X (Notule UK Konvent vir Eenheid - dd 2004.07.30).

9.3 Verslag Taakspan vir Kerkeenheid Bylaag Z

9.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag Z (Verslag van die Taakspan vir Kerkeenheid - dd 2004.10.27).

9.3.2 Besluite:
9.3.2.1 Kennis geneem van pte 1 – 3.
9.3.2.2 Pt 4 word goedgekeur.

10. GEMEENTEBEDIENING

Geen bykomende sake vir bespreking nie.

11. GETUIENIS

11.1 Befondsing: Toerustingsburo Interkulturele Werkers Bylae M, M.1, M.2, M.3

11.1.1 Ds JH van Niekerk doen verslag na aanleiding van Bylaag M (Brosjure Toerustingsburo Interkulturele Werkers - ongedateerd); Bylaag M.1 (Skrywe: Fondse vir TIW - 2004.08.25), Bylaag M.2 (Skrywe ds Johan van Niekerk - dd 2004.09.03), en Bylaag M.3 (Skrywe van ds Deon Loots - dd 2004.09.06).

11.1.2 Bydraes word van die verskillende sinodes verwag om die TIW se werksaamhede te befonds. Aangesien die sinode nie nuwe werk aanvaar nie, is dit nie ons moontlik om 'n bydrae te maak nie.

11.1.3 TIW kan egter aan gemeentes bekendgestel word – om gebruik te maak van dienste en met die oog op finansiële ondersteuning.

11.1.4 Besluite:
11.1.4.1 'n Amptelike brief word aan TIW gestuur om bogenoemde besluit te kommunikeer.
11.1.4.2 Sinodale beleid moet oor hierdie werksaamhede geformuleer word. Die sinode kan bv kommunikeer, bemiddel en ondersteun – in terme van visionêre leierskap, navorsing, begeleiding en bestuur.
11.1.4.3 Die formulering van beleid word na die deskundige lede met ds Barnard Steyn as sameroeper verwys.

11.2 Kids Games Opleiding

11.2.1 Kids Games opleiding word van 28-29 Januarie 2005 te Cradock aangebied. Die opleiding stel deelnemers in staat om die evangelie deur middel van spel te deel. Dit is reeds deur OosKaap eNuus bekendgestel en inskrywings word ingewag.

11.3 Missionêre Gemeentes

11.3.1 Kingfisher Mobiliseringsentrum stel 'n diens beskikbaar wat gemeentes deur 'n prosesbenadering help om 'n missionêre gemeente te word. Die DL Getuienis neem inisiatief met die bekendstelling van hierdie projek.

12. JEUG

12.1 Jongmense by die Algemene Sinode

Die saak is afgehandel by punt 5.1.11.

13. KOMMUNIKASIE

13.1 Algemene Sinodebode

13.1.1 Ds Danie Mouton doen verslag dat 'n Oos-Kaapse Algemene Sinodebode, wat die besluite en hoogtepunte van die Algemene Sinode kommunikeer, reeds geskryf is en eersdaags persklaar gemaak word. Daar is ook ander sinodes wat belangstel om moontlik op die projek in te koop.

13.1.2 Kennis geneem.

14. LEER EN AKTUELE SAKE

Geen sake vir bespreking nie.

15. NETWERK VIR NAVORSING

15.1 Oorsig van Werksaamhede Bylaag AA

15.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag AA (Netwerk vir Navorsing: Oorsig van Werksaamhede 2004 - ongedateerd) op voordrag van prof Piet Naudé.

15.1.2 Besluite
15.1.2.1 Kennis geneem van punte 1 – 4 van die verslag
15.1.2.2 Pt 4.1 – Verband (ecclesia completa) - staan oor
15.1.2.3 Pt 4.2 – Homoseksualiteit – Die opdrag van die sinode word gestaak. Ons steun op navorsing beskikbaar in die verskillende sinodes en by die Algemene Sinode. Die saak word via eNuus gekommunikeer. Ds Rethie van Niekerk sal 'n paar paragrawe vir eNuus skryf.
15.1.2.4 Pt 4.3 - Spiritualiteit en persoonlikheid: staan oor
15.1.2.5 Pt 4.4 - Dominee as ampstitel: staan oor.
15.1.2.6 Pt 4.5 - Nuwe Gemeente Ontwikkeling: Die opdrag is getermineer. Navrae hieroor word aan Kobus Prinsloo gerig.
15.1.2.7 Pt 4.6 - "Lobbying": staan oor. Daar bestaan 'n behoefte aan vaardighede in hierdie verband.
15.1.2.8 Pt 5.1 - Verhouding B-Net, NN, LAS: Die saak is by pt 6.4 op die sakelys afgehandel.
15.1.2.9 Pt 5.2.1 Sinodale Werkswinkel: Kennis geneem – verwys na B-Net.
15.1.2.10 Pt 5.2.2 - Empiriese navorsing: goedgekeur – vir B-Net se aandag.
15.1.2.11 Pt 5.2.3 - Teologiese toerusting: Goedgekeur – prof Piet Naudé sal 'n beplanning opstel
15.1.2.12 Pt 5.2.4 Vaste teologiese rubriek vir eNuus: Goedgekeur

15.1.2.13 Pt 5.3 - Begroting: kennis geneem – vir aandag DA vir begrotingsdoeleindes.

16. VROUELIDMATE

16.1 Plek van Vrouelidmate Oos-Kaapland

16.1.1 Mev Tish Steyn, DL Vrouelidmate, doen verslag.

16.1.2 Daar het vanjaar reeds twee ringsbyeenkomste vir vroue plaasgevind.

16.1.3 Die DL ervaar dit moeilik om 'n netwerk rondom vrouelidmate op dreef te kry. Daar is nie 'n natuurlike, bestaande grootgroepbyeenkoms in die sinode wat so 'n netwerk ondersteun nie.

16.1.4 Besluit: Die rol van die DL Vrouelidmate, as onderdeel van die rol van deskundige lede, in verband gebring met ringsprojekte en skakeling met die Algemene Sinode, vorm deel van die opdrag om klarigheid oor die rolle van deskundige lede te verkry (vergelyk pt 6.4 van hierdie notule).

17. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

17.1 Begroting 2005 / 06 Bylaag R

17.1.1 Die DA lê Bylaag R (Begroting 1 Maart 2005 tot 28 Februarie 2006 - ongedateerd), aan die vergadering voor.

17.1.2 Besluite
17.1.2.1 Kennis geneem van Bylaag R.
17.1.2.2 Die vergadering verwys die finalisering van die begroting na die moderatuur, met koöpsie van die DA en DL Finansies, vir voorlegging aan die SK op 25 November 2005.

17.2 Ringsprojekte 2005 / 06

17.2.1 Die DA rapporteer dat 'n groot aantal goed-versorgde en deeglike-beplande ringsprojekte deur ringe voorgelê is.

17.2.2 'n Proses van fasilitering sal by die goedkeuring van projekte deur die SK nodig wees indien meer fondse as die beskikbare aangevra word. Die moderatuur, DA en DL Finansies sal die proses beplan.

17.2.3 Wat bestaande ringsprojekte betref, word baie goeie terugvoer ontvang.

17.2.4 Die vergadering neem met dank kennis.

17.3 Registrasie as NPO Bylaag N

17.3.1 Die DA rapporteer dat die proses om vir belastingvrystelling te registreer, afgehandel is.

17.3.2 Die proses om gemeentes as Nie-Winsgewende Organisasies (NPO's) te registreer blyk onuitvoerbaar te wees omdat die Kerkorde nie aan die departementele vereistes vir die nodige konstitusie voldoen nie.

17.3.3. Daar word tans vertoë gerig dat die noodsaak vir registrasie opgehef word.

17.4 Finansiële state van die sinode vir die jaar geëindig 28-02-2004 Bylaag S

17.4.1 Mnr Tommie van der Mescht en mev Petra Gouws van Wolmarans Kruger sluit by die vergadering aan vir die toeligting van Bylaag S (Finansiële State vir die jaar geëindig 29 Februarie 2004). Mev Theresa Botha, Interne Rekenmeester van die sinode, is ook teenwoordig. Die voorsitter heet hulle welkom.

17.4.2 Mnr Van der Mescht spreek tevredenheid uit oor die finansiële kontroles van die sinode en wyse waarop die boekhouding hanteer word. Hy lig tendense uit die finansiële state toe met behulp van 'n *Powerpoint*-voorlegging en beantwoord enkele vrae.

17.4.3 Ds Schutte bedank die ouditeure vir hul voorlegging en dr Viljoen en mev Botha vir hulle werk van hoogstaande gehalte.

18. KORRESPONDENSIE

18.1 Aanbevelings van die Ring van Humansdorp aan die SK Bylaag O

18.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Wenke en aanbevelings van die Ring van Humansdorp aan die SK - dd 2004.10.06).

18.1.2 Besluite:
18.1.2.1 Pt 9.3 is afgehandel by pt 5.1.1.3
18.1.2.2 Pt 9.4 - 9.4.5 – Kennis geneem. Die ring word ingelig dat al hul wenke en aanbevelings aandag sal geniet.
18.1.2.3 Die ring se versoek dat 'n duidelike definisie oor wat 'n belydenisskrif is, en wat meewerk dat die kerk 'n dokument as belydenisskrif aanvaar, word na die DL LAS verwys.

18.2 Navraag G van der Merwe Bylaag T

18.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag T (Navraag dr Gerdrie van der Merwe - dd 2004.08.28).

18.2.2 Besluit: Kennis word van die versoek geneem. Die skriba lig dr Van der Merwe in dat die sinode nie nuwe werk met sinodale fondse aanpak nie.

18.3 Navraag Kerkraad Jeffreysbaai Bylaag U

18.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag T (Navraag Kerkraad Jeffreysbaai re inseën van kerklike huwelike - dd 2004.10.06).

18.3.2 Besluit: Op hierdie stadium word huwe-

like nie kerklik ingeseën sonder 'n formele bevestiging en registrasie van die huwelik in terme van die wetgewing nie. Die SK-Dagbestuur kan hom dus nie uitspreek oor die versoek om "huwelike" net kerklik in te seën nie. Die saak word vir studie verwys na die DL LAS en Aktuarius.

18.4 Kerkhereniging Ring van Uitenhage Bylaag V

18.4.1 Kennis geneem van Bylaag V (Terugvoering oor kerkherenigingsproses, Ring van Uitenhage - dd 2004.10.26)..

19. ANDER SAKE

19.1 Statistiek - Oos-Kaap Bylaag P

19.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag P (Jaarboekstatistiek NG Kerk in Oos-Kaapland 2003 versus 2004 - ongedateerd).

19.2 Verslag Moderatuurslede Bylaag Y

19.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag Y (Verslag Moderatuurslede - dd 2004.10.27).

19.2.2 Besluite:
19.2.2.1 Pte 1 - 2: Kennis geneem
19.2.2.2 Pt 3.1 - Streekskonvent(e): afgehandel by pt 5.1.1.1 van hierdie notule.
19.2.2.3 Pt 3.2 - Patmos: afgehandel by pt 5.1.2.2.
19.2.2.4 Pt 3.3 - Bevoegdheidsregister: afgehandel by pt 5.1.12.
19.2.2.5 Pt 4.1 - Sinodale koerant: afgehandel by pt 13.1.
19.2.2.6 Pt 4.2 – Gemeentekonferensies: Kennis geneem.
19.2.2.7 Pt 4.3.1 - Sinodale ritme - 'n Oos-Kaapse sinode vir 2005?: goedgekeur.
19.2.2.8 Pt 4.3.2 - kennis geneem.
19.2.2.9 Pt 4.4.1 - Pastorale brief: kennis geneem.
19.2.2.10 Pt 4.5 - Kerkwye predikantevergadering: goedgekeur – sien ook pt 6.3 en 7.5 van hierdie notule.
19.2.2.11 Pt 4.6 - Bosberaad ASK: kennis geneem
19.2.2.12 Pt 4.7 -Besluiteregister Algemene Sinode: Kennis geneem
19.2.2.13 Pt 4.8.1–4.8.6 - Vergaderingsprosesse Algemene Sinode: kennis geneem
19.2.2.14 Pt 5.1.1–5.1.3 - Ontmoeting moderatuurslede VGK Kaapland: goedgekeur
19.2.2.15 Pt 5.2 - Oos-Kaapse Raad van Kerke: kennis geneem
19.2.2.16 Pt 5.3 - Skakeling met ander Oos-Kaapse kerkleiers: goedgekeur.
19.2.2.17 Pt 6.1-6.2.2 - Vergaderdatums 2005: goedgekeur
19.2.2.18 Pt 6.3 - "Issues": hanteer by pt 19.3 van hierdie notule.
19.2.2.19 Pt 7 - Afsluiting: Kennis geneem

19.3 Ons "issues" in die Oos-Kaap

19.3.1 Dr Chris van Wyk fasiliteer 'n gesprek oor hierdie tema.

19.3.2 Die vergadering gesels in groepies oor die vraag: "Wat maak my opgewonde van die Algemene Sinode?"

19.3.3 **Terugvoer**

- Die styl waarin vergader is, en wat wyd in die NG Kerk gedupliseer kan word;
- Daar was ervaring – nie net 'n akademiese debat nie;
- Gewone mense kon oor goed gesels;
- Die gesprek oor die kerk in die jaar 2010;
- Soek God se wil saam – nie net eksperte;
- Waar daar deernis is, daar is God. "Ek sal jou hart van klip wegneem, en vervang met 'n hart van vleis";
- Positief dat ons nie gereed is om standpunte in te neem nie. Dit is goed om te sê ons weet nie;
- Die sinode was ontspanne in die benadering van mekaar – alles het in 'n baie goeie gesindheid plaasgevind.
- Jongmense was deel van die gesprek. Hulle kon van die begin af daar gewees het;
- Een van die visies vir 2010 moet wees dat 'n groot persentasie jonger mense moet wees – "die seuns en dogters saam met ou mense". "Age-ism" sterk gerelativeer deur die Gees;
- Wandelganggesprekke was baie lewendig. Mense kon mekaar vashou ten spyte van hul groot verskille;
- Verdraagsaamheid, onsekerheid, vriendelikheid, uitreik na mense wat ons nie altyd ken nie, emosie, soos Jesus wie se "hart en ingewande" in beweging gekom het – en toe stuur Hy dissipels uit;
- Aandag is gegee aan ander spiritualiteite – nie net kop nie, maar ook hart, mistiek en hande;
- Publieke beeld van die sinode is dat die sitting nie positief was nie. "Die NG Kerk is teen kerkeenheid en weet nie wat met om met homoseksualiteit te maak nie";
- Die sinode kon God se wil baie duidelik onderskei omdat die werk van die Heilige Gees in die liggaam waar die liggaam almal saam oor Woord en konteks gesels ernstig geneem het. Die diepte van die geestelike gesprek was opvallend.
- Die gebrek aan duidelike uitsprake was vir my 'n teken dat ons ernstig met die Bybel omgaan. Ons bly soek – dit is baie meer geloofwaardig as om altyd so seker te wees.

19.3.4 Parkeerbord

- Daar was 'n gebrek aan debat oor beleidmaking – die dink oor "issues" het nie tot sy reg gekom nie;
- Die afskop was: ons soek na ons roeping, maar

ander sleuteldebatte het vir my gevoel die roepingsgesprek gekelder.
● Het ons nie God se Woord gerelativeer nie? Vraagteken oor die Skrifgebruik.
● Die ontspanne benadering het skynbaar nie ruimte vir diepte ondersoeke nie;
● Die parallelle sessies skakel my op 'n klomp insette uit;
● Kyk nuut na verteenwoordiging van jongmense.

20. VOLGENDE VERGADERINGS

20.1 Sinodale Kommissie

20.1.1 Die SK vergader op 25 Nov 2004 om 09.30 by die NG Kerk PE-Wes.

20.2 Vergaderdatums vir 2005

20.2.1 Dagbestuur

3 Februarie 2005
14 April 2005
28 Julie 2005
20 Oktober 2005

20.2.2 SK

19 Mei 2005
24 November 2005

20.2.3 Sinode

18,19 Oktober 2005 (indien die SK dit goedkeur).

21. AFSLUITING

Ds Willem Petzer sluit die vergadering met gebed af.